# Die Ligdraer

## Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Welkom

**26 Februarie 2023**


## Ons missie:

Die Gereformeerde Kerk Welkom verheerlik God as 'n biddende gemeente wat:

- dissipels is;
- dissipels maak;
- vashou aan die suiwer leer;
- ons gawes gebruik;
- lidmate toerus; en
- God se liefde en genade uitdra.

## VANOGGEND SE EREDIENS

**Voor die erediens:**
**Afkondigings**
**Stilte**



**Erediens:**
**Votum**
**Groetseën**
**Lofprysing en aanbidding:** Psalm 93-1:1 en Psalm 145-2:2,3,5
**Geloofsbelydenis:** Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 1
**Sing:** Skrifberyming 12-3:1,2
**Die Wet van die HERE**
**Gebed**
**Skriflesing:** Matteus 6:5-15



**Sing:** Skrifberyming 10-2
**Fokus:** Matteus 6:13b en Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 128
**Preek:**

**Tema:** *Aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid.*

**Gebed**
**Diens van barmhartigheid**





**Sing:** *Oorwinningslied*
**Wegstuurseën**
**Amen:** Skrifberyming 13-3

**KOLLEKTES:**
Onder die erediens: Diens van barmhartigheid.
By die deure: Teologiese Studentekas.

**DIENSBEURT:**
Vandag: Wyk 7
5 Maart: Wyk 8
12 Maart: Wyk 9



**TEE/KOFFIE NA DIE EREDIENS:**
Almal is welkom om na afloop van die erediens tee/koffie te drink. Alles word by die teedrinkplek reggesit en dan kan lidmate hulleself help.



**KATKISASIE:**
Tydens die erediens (net na die Skriflesing en voor die preek) is daar katkisasie vir die voorskoolse kinders. Graad 1-10 se katkisasie is na die erediens. Graad 11 (Belydenisklas) se katkisasie is om 16:00.

**GEBEDSVERSOEKE:**
Die Vlamvat span wil graag die gemeente se aandag vestig op die bussies vir gebedsversoeke wat by die deure van die kerkgebou en by die teedrinkplek geplaas is. Ons het sover een gebedsversoek ontvang – van een van die kinders in die gemeente. Die gebedsversoek lui soos volg: “Vir die mense wat vervolg word en dat hulle nie sal opgee nie. Laat hulle sterk bly.” Ons het hierdie gebedsversoek en die video van Geopende Deure na aanleiding waarvan die gebedsversoek gemaak is, op ons gemeente se whatsapp-groep geplaas met die versoek dat almal daarvoor bid. Ons sal ook in die erediens vir hierdie saak bid.
Die Vlamvat span versoek graag alle lidmate om gebedsversoeke in die bussies te plaas hetsy vir 'n saak, 'n persoon se nood, vir siekte of wat ook al. Daar sal dan werk gemaak word van die versoeke wat ontvang word.

# Net 'n Gedagte

**As jy vir ander bid, word aan jouself voorsien.** ~ *Joodse spreekwoord*

**Hy wat sonder geloof bid, kan nie op gebedsverhoring hoop nie.** ~ *Francois Fénelon*



# Ek Verjaar!




Die volgende lidmate verjaar tot 4 Maart 2023:

| | | |
|---|---|---|
| 26 Februarie | Nellie Meyer | 082 801 6840 |
| 26 Februarie | Annatjie Muller | 063 176 9153 |
| 26 Februarie | Maryna Thieroff | 079 430 3747 |
| 26 Februarie | Mia Oosthuizen | 079 012 1903 |
| 4 Maart | Nico v d Merwe | 071 262 9681 |
| 4 Maart | Andre Louw | 084 922 2773 |

**BAIE GELUK** en seënwense vir die nuwe jaar.

**LIEF EN LEED:**

- Br. Flip Kotze (083 388 0249) het Vrydag ’n voetoperasie ondergaan. Hy is tans in Welkom Medi-Clinic. Ons bid hom sterkte toe vir die lang herstelproses wat voorlê. Ons vra die gemeente se voorbidding vir hom.
- Sr. René van der Walt (083 309 9519) se gesondheid toestand is baie swak met die long ontsteking wat sy het. Sy is tans in hoë sorg in Bloemfontein Medi-Clinic. Ons vra steeds die gemeente se voorbidding vir haar en br. Wallie (083 635 3727).
- Br. Piet van der Linde (073 225 4632) ervaar tans baie pyn en ongemak. Hy gaan Dinsdag ’n operasie ondergaan om sy galblaas te verwyder. Ons bede is dat die operasie suksesvol sal wees. Ons vra die gemeente se voorbidding vir hom.
- Ons vra ook voorbidding vir ander lidmate wat ernstig siek is of in die hospitaal is, waarvan ons dalk nie weet nie.

# Die Bybel

**5 “En wanneer julle bid, moet julle nie soos die skyn-**
**heiliges wees nie, want hulle hou daarvan om in die**
**sinagoges en op die straathoeke te staan en bid,**
**sodat hulle deur die mense gesien kan word. Amen,**
**Ek sê vir julle: Hulle het reeds hulle volle beloning**
**ontvang.**
**6 Maar jy, wanneer jy bid, gaan na jou binneste kamer,**
**maak jou deur toe en bid tot jou Vader wat in die**
**verborgenheid is, en jou Vader wat in die**
**verborgenheid sien, sal jou beloon.**

***~ Matteus 6:5-6 ~***

**VIR INBETALINGS IN ONS GEMEENTE SE REKENING:**



**WELKOM**
**ABSA BANK**
**TAK KODE: 630135**
**REK NO: 1340340090**
**TIPE REK: TJEKREKENING**

**ONTHOU OM JOU NAAM BY TE SIT INDIEN ELEKTRONIES OOR BETAAL**

***Kontaknommers en besonderhede:***
*Predikant: Ds JL van der Schyff (057 352 5857/083 995 0380)*
*Skriba: Marthie van der Schyff (057 352 5857/072 336 4266)*
*Attes Skriba:*
*Koster: Flip Kotze (083 388 0249)*
*Kassier: Marthie Kotze (083 388 0251)*
*Orrelis: Hansie Jordaan (083 407 5796)*
*Admin beampte: Casper du Plessis (057 353 1447/060 366 0166)*
*Diakonie: Marthie van der Schyff (072 336 4266)*
*Kantoor: 057 352 5280 (Vrydag 08:00 - 13:00)*

***Facebook:*** https://www.facebook.com/profile.php?id=100089016565341
***Epos:*** *gkwelkom@telkomsa.net*
***Webbladsy:*** *www.gkwnoord.weebly.com*



**DIAKONIE**
**EERSTE NASIONALE BANK**
**TAKKODE: 250655**
**REKENINGNOMMER: 62808348074**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE
GEREFORMEERDE KERKE
IN SUID-AFRIKA